

Finansiële bestuur verg beplanning, nie voorspelling

DIT is baie moeilik vir 'n adviseur wat heel-dag finansiële beplannings doen om navorsing oor markbewegings en beleggingsfondse te doen.

As so adviseur hom of haar dan uitgee as 'n kenner en dan voorspel wat die rand, die koerse of markte gaan doen om kliënte te beïndruk, word op uiters gevaarlike terrein beweeg.

Dis belangrik om te besef daar is goed wat ons nie weet nie en om dan te beplan vir die onbekende.

Mense waag nie met voorspellings in finansies nie, maar neem ingeligte besluite geskoei op nagevorste gegewens wat dan ook korrek beplan en bestuur moet word.


Dit word gedoen deur diversifikasie op 'n wye front: geografies, sektoraal, maatskappy, bateklas en fondsbestuurder.

Dit word dan my taak as finansiële adviseur om seker te maak die aangestelde fondsbestuurders doen wat van hul verwag word en as dit nie gebeur nie, dan word dit my taak om veranderinge aan my kliënte se portefeuljes aan te bring.

Dit vereis ook dat ek as adviseur voortdurend op hoogte van sake bly, anders sou ek nie 'n waarde-oordeel oor die fondssbetuurders kan fel nie en gaan ek dalk net op historiese prestasieveranderinge aandring en dit op sig self sal 'n fout wees.

Dit klink dalk of 'n finansiële adviseur sy sout werd is as hy markbewegings kan voorspel en dan kliënte se portefeuljes op grond van die siening saamstel.

Die probleem is dat voorspellings heel dikwels verkeerd uitdraai en onberekende skade aan 'n belegger se geldsake aanrig. In 2000



het sulke mense voorspel dat die rand gaan groot en baie geld oorseë geskuif.

Toe die rand daarna verstewig, is die saak in die meeste gevalle nie reggestel nie, want dit was seker te moeilik om die fout te erken.

Dit gebeur ook dat kliënte op grond van voorspellings aanbeveel word om hulle geld uit die mark te haal wanneer gemeen word dat die boonste draaipunt daarvan bereik is, maar dan word vergeet om die geld terug te plaas wanneer die onderste draaipunt bereik word.

Warren Buffet is self van mening dat hy nie in tydsberekening glo nie aangesien dit blote geluk is as jy dit regkry.

Beleggers behoort eerder reg te beplan en seker te maak dat geluiskote nie dalk op hulle geld afgevuur word nie.

* Koos de Wet is 'n finansiële beplanner by PSG en lid van die Fidusiële Instituut van Suid-Afrika. Lesers kan hom kontak by psgk@mweb.co.za.